# Mineraaltekorte in wild

*Deur Kobus du Plessis, voedingkundige: Feedtek*

Wildboere se doelwitte sluit die teel van voldoende getalle trofeegehalte diere met optimale gesondheid, produksie en vrugbaarheid in. Dit sluit ook die inkoop van goeie genetika in, wat 'n baie duur oefening kan wees. Produsente fokus soms op die duur uitgawes, maar besef nie altyd watter groot rol aspekte soos die aanvul van minerale in die produksie van goeie gehalte diere speel nie.

Mineraalaanvullings is iets wat onbenullig mag voorkom, maar dit kan 'n groot impak op die winsgewendheid van 'n boerdery-onderneming hê. Wild word meestal as selfonderhoudend beskou, maar as gevolg van habitat-beperkings en veranderinge in omgewingsomstandighede word mineraaltekorte meer algemeen. Hierdie artikel fokus spesifiek op mineraaltekorte in wildspesies se daaglikse dieet tydens die winter- en somermaande, en hoe aanvullings hierdie tekorte kan oplos.

### Redes vir mineraaltekorte

- Namate grasse meer volwasse raak daal die plant se verteerbaarheid, terwyl die proteïen- en mineraalinhoud ook afneem met gevolglike voedingstekorte in natuurlike weiding.
- Seisoenale variasie kom progressief voor soos noodsaaklike voedingstowwe in plante in die droë seisoen daal.
- Oorbeweiding en gronderosie kan tot verminderde mineraalbeskikbaarheid in die omgewing lei.
- Wildheinings en intensiewe boerderypraktyke beperk die beweging van wild en belemmer toegang tot diverse mineraalryke gebiede. Hierdie gebiede dien as natuurlike mineraalbronne waar diere histories daarop kon staatmaak om hul mineraalbehoeftes aan te vul. Diere beoefen soms geofagie (die lek en vreet van grond om hul diëte aan te vul) waar hul natuurlike voedingsbronne nie die nodige voedingstowwe kan voorsien nie. Hierdie gedrag word veral opgemerk in spesies soos koedoes en elande.
- Hoë wildgetalle kan tot groter mededinging om hulpbronne lei, wat mineraaltekorte kan vererger. Dit is veral so waar te min tyd toegelaat word vir die natuurlike weiding om te herstel.
- Sommige elemente en verbindings het 'n antagonistiese effek op die absorpsie van ander noodsaaklike minerale. Selfs al word laasgenoemde teen voldoende vlakke in die dieet aangevul, kan tekorte steeds voorkom. Hoë kalsiumvlakke kan byvoorbeeld die opneembaarheid van sink verminder.

Spesie-spesifieke voedingsbehoeftes vir beweiders soos blesbokke en blouwildebeeste word hoofsaaklik deur die afname in grasgehalte in droë seisoene beïnvloed, wat aanvullende voeding noodsaaklik maak. Blaarvreters soos kameelperde het toegang tot 'n meer konstante bron van proteïen deur die jaar, maar kan steeds tekorte ondervind as gevolg van seisoenale veranderinge en die teenwoordigheid van tannien in blare wat verteerbaarheid verlaag.

### Gevolge van mineraaltekorte

Mineraaltekorte beïnvloed die algemene gesondheid en oorlewing van die dier. Die omvang van die tekort hang af van die spesifieke mineraaltekort en die betrokke wildspesie.

- Skeletprobleme kan voorkom weens tekorte aan kalsium en fosfor. Tekorte kan ook horinggroei benadeel.
- Spierswakheid kom voor met tekorte aan natrium, kalium en selenium, en kan tot lamheid lei.
- Vrugbaarheidsprobleme wat lae besetting, doodgeboortes, aborsies en swak nageslag insluit, is van die mees onderskatte gevolge van mineraaltekorte.
- Tekorte aan koper, yster en kobalt kan tot bloedarmoede lei, gekenmerk deur swakheid en bleek slymvliese.
- Sommige tekorte veroorsaak spysverteringsprobleme en ondoeltreffende rumenfermentasie. Dit lei tot lae sellulose-vertering en ondoeltreffende benutting van die beskikbare plantmateriaal.
- Vel- en haarprobleme kan voorkom weens tekorte aan koper en sink. Dit kan lei tot haarverliese en -verkleuring (vertoon bleek).
- Wanvoeding en spesifieke mineraaltekorte kan die liggaam se immuniteit benadeel, wat diere meer vatbaar maak vir siektes.
- Swak groei en gewigsverlies kan ook voorkom.

### Oplos van mineraaltekorte

- Voorsien die korrekte voeding en aanvullings. Spesie-geskikte voer van hoë gehalte met voldoende vitamiene, minerale en proteïen kan help om voedingstekorte te voorkom. Die tipe, hoeveelheid en tydsberekening van aanvullings kan met 'n voedingkundige bespreek word.
- Gereelde monitering van dieregesondheid en gedrag in die omgewing kan help om tekortkominge vinnig te identifiseer en aan te spreek. Tel die aanteel elke jaar.
- Verstaan die behoefte van die verskillende dierespesies. Ken die verskille tussen beweiders en blaarvreters.
- Verbeter habitatgesondheid en diversiteit, en laat wild toe om vrylik

oor groot gebiede te beweeg wat hul toegang sal gee tot natuurlike mineraalbronne.

- Reguleer dierebevolkings om mededinging vir hulpbronne te verlig, individuele dieregesondheid te verbeter en oorbeweiding te verhoed.

Aanvullings kan gebruik word om wild na spesifieke gebiede te lok vir moniterings- of bestuursdoeleindes. Daar is wel risiko's wat gepaard gaan met mineraal-aanvullings. Dit sluit in dieregedrag wat verander deur hul bewegings te beïnvloed en onnatuurlike samevoegings van verskillende spesies te skep. Diere wat rondom lekke bymekaarkom, kan die risiko van siekte-oordrag verhoog. Oormatige afhanklikheid van mineraal-aanvullings kan lei tot onwilligheid van diere om natuurlike mineraalbronne op te soek en dus die risiko vir oorbevolking verhoog.

Minerale word in twee groepe gekategoriseer, naamlik makrominerale, wat noodsaaklik is in groter hoeveelhede (byvoorbeeld kalsium, fosfor, magnesium, kalium, swael, natrium en chloor) en mikrominerale, wat in kleiner hoeveelhede benodig word, maar ook van kardinale belang is vir gesondheid en vrugbaarheid (byvoorbeeld koper, yster, jodium, mangaan, kobalt, sink en selenium).

Dit is belangrik om die regte aanvulling op die regte tyd te gee. Mikromineraal-aanvullings verskaf die nodige mikrominerale aan wild en dit kan reg deur die jaar voorsien word. Hierdie minerale kan in beide anorganiese of organiese vorm voorsien word. Makromineraal-aanvullings (soos fosfaatlekke) is 'n belangrike tipe aanvulling tydens die groen seisoen vir optimale weidingsbenutting. Dit verskaf nie net mikrominerale nie, maar ook die nodige makrominerale aan wild wat algemene tekorte in Suid-Afrika is.

### Voorsien reg deur die jaar

Hierdie tipe aanvullings kan ook reg deur die jaar voorsien word. Proteïen/energie/mineraal-aanvullings (soos wildlekke) is normaalweg melasse-gebaseer en bied energie, proteïen en minerale in die vorm van 'n lekbyvoeding tydens die oorgangs- en droë seisoen. Wildprodusente kan hul eie lekaanvullings meng op advies van 'n geregistreerde veekundige.

Die wildbedryf is die afgelope paar jaar besig om te herstel. Jagpryse word deur oorsese jagters bepaal, en die behoefte aan goedgeteelde diere van hoogstaande gehalte bly dus noodsaaklik. 'n Omvattende begrip van die spesifieke mineraalbehoeftes, oorsake van tekorte en toepaslike bestuurstrategieë is nodig om gesonde wildbevolkings te handhaaf en die langtermynstabiliteit van die ekostelsel te verseker.

'n Gebalanseerde benadering wat behoorlike habitatbestuur, geteikende mineraalaanvullings en gereelde monitering insluit, kan mineraaltekorte doeltreffend oplos. Sodoende word florerende wildbevolkings ondersteun wat betref gesondheid, vrugbaarheid, kondisie en horinglengtes. Die belegging wat op aanvullings gemaak word kan in veelvoud verhaal word deur meer diere van uitsonderlike gehalte te lewer. VP

Vir meer inligting, stuur 'n epos na Kobus du Plessis by kobus@feedtek.co.za.

FEEDTEK
SPESIALIS VEEVOER KONSENTRATE



GROEI MET FEEDTEK!

Meng maklik **hoë-kwaliteit** koste-effektiewe **wildvoere** en lekaanvullings tuis met **Feedtek spesialis konsentrate** vir **optimale groei**, **gesondheid**, **vrugbaarheid** en die **verbetering van horing groei** en **hoef sterkte**.

086 111 5362
info@feedtek.co.za
www.feedtek.co.za
Feedtek Animal Feed Solutions
feedtek_animal_feed_solutions

Jou naaste agent